*Ons gee God se Hoop en liefde aan*

**Diensnuus**
**14 Junie 2026**

**09:30 Erediens**
**09:00 Botrivier Erediens**



## 01 DAGBOEK :

16 Junie: Jeugdag

18 Junie: Kospakkies

18 Junie: Dienssentrum ete: Steenboksriver, Crassula, Freesia

20 Junie: Weduwee op wiele

21 Junie: Kerkraadsbevestiging / Kategese afsluiting/Vadersdag

26 Junie: Skole sluit

Ds. Awie Brand is met verlof vanaf 9-26 Junie

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Riëtte Steyn

Heleen Lombard

## 03 Kerkraad en Dienswerkers Nominasies:

*Kerkraadsbevestiging:* ***21 Junie 2026***

| | |
|---|---|
| Wyk 10 | Heinrich Boje – Diaken |
| Wyk 12 | Coenie Groenewald – Ouderling |
| Wyk 16 | Dana Steenkamp - Ouderling |
| | Egbert Niemand - Diaken |
| Wyk 17 | Adriaan van der Westhuizen – Diaken |
| Aalwyn | De la Rey Knoblauch – Diaken |
| | Rika du Buisson – Dienswerker |
| Berg | Herman Crous – Diaken |
| Botrivier | Welna de Kock – Ouderling |
| | Adriaan van Deventer – Dienswerker |
| Crassula | Gerhard de Villiers - Ouderling |
| De Kuil | Naas de Kock – Ouderling |
| | Frikkie Smit – Diaken |
| Solitaire | Adri Liebenberg – Diaken |
| | Riana Nel – Dienswerker |
| Waboomskloof | Francois Willemse – Diaken |
| Wes-Einde | Riaan Brink – Ouderling |
| | Rey Uys - Diaken |

**Ons neem op 21 Junie, ná die Kerkraadsbevestiging, 'n foto van die nuwe en uittredende Kerkraad.**
**Hou asseblief net 'n paar minute ná die diens oop sodat ons almal saam op die foto kan kry.**
**Dankie, ons sien uit daarna!**

## ONS BID VIR :

Johan Coetzee

Pieter Le Riche

Bennie Basson

Leoni Blom

Stephanie Visser

Martin Eksteen

Marie Victor

## 04 BEGRAAFPLAAS:

Enige persoon wat geliefdes op die begraafplaas het en belangstel om betrokke te raak by die instandhouding en versorging van die terrein, kontak gerus die kerkkantoor. Ons waardeer elke hand wat help.

## 05 DIENSBEURT:

**14 Junie**
Jongensklip

*Baie dankie*

**21 Junie**
Krige

# Preeknotas: 14 Junie 2026

Teks: 1 Petr.4:12 en 5:6-11

Tema: 4 Werkwoorde in diens van Jesus

Antwoord asb op die volgende vrae voor die erediens van Sondag:

- Ek droom van 'n kerk wat ...
- Kom ons bid vir ...
- Ek droom van 'n wêreld sonder ...
- Kom ons maak 'n verskil deur ...

Petrus skryf vir kinders van God in 'n baie moeilike tyd. Verskillende maniere van vervolging was aan die orde van die dag en hulle leef in 'n baie onsekere politieke sisteem.

**Vyandskap** sowel as **interne verdeeldheid** moet deur die gelowiges hanteer word.

- Wat se vyanskap beleef jy?
- Hoe sien jy verdeeldheid tussen God se kinders?

**Die model van gemeente wees word deur Petrus beskryf in 2 dele:**

1. Voorbeeldige lewe wat mense sonder 'n tuiste uitleef
2. Onderlinge versorging as huisgesin van God

Dit alles speel af voor keiser Nero se groot vervolging van Christene.

**Ons kan 4 werkwoorde uitlig:**

1. Lyding
2. Nederig wees
3. Weerstaan die duiwel
4. Krag vanf God

By die eerste 3 kan ons sien hoe ons, as God se kinders, dit leef/doen:

- Hoe ly ek soos Petrus dit uitwys? (wat offer ek op vir God)
- Hoe leef ek nederig as God se kind? (het ek by Jesus nuwe waardes geleer)
- Hoe weerstaan ek versoekings? (word ek gelyk aan die wêreld)

Die **laaste werkwoord** gee vir ons hoop op nuwe manier waar ons besef **God gee my die krag**.

Waar beleef jy God se krag in jou lewe?

## Gebed vir kinders van Suid-Afrika

Ons dink hierdie week na oor Jeugdag en wat in 1976 deur die jongmense na vore gebring is oor ‘n regerings beleid. Ons kan hier opnuut voor God verskyn in gebed en ons harte en gedagtes weer toets.

Here, ons bid vir die kinders van Suid-Afrika.

Ons staan in die skoene van kinders

... wat siek is – mag ons hulle versorg

... wat honger is – mag ons hulle voed

... wat arm is – mag ons meer vrygewig wees

... wat anders lyk– mag ons hulle aanvaar soos hulle is

... wat nie geleenthede ontvang nie – mag ons ongeregtigheid regstel

... wat bang is – mag ons hulle beskerm

... wat hartseer voel – mag ons hulle troos

... wat eensaam is – mag ons hulle vriende raak

... wat nie ouers het nie – mag ons hulle familie wees

... wat nie in hulself glo nie – mag ons hulle grootste ondersteuners wees

... wat dink hulle het nie ‘n stem nie – mag ons regtig na hulle luister

... wat hopeloos voel – mag ons hulle raaksien

Here, mag ons in die skoene staan van die kinders om ons as ons vir hulle bid vandag.

Mag ons elke kind se drome aanmoedig en elkeen die vryheid gee om te groei.

Mag hulle idees en kreatiwiteit ons inspireer om die wêreld ‘n beter plek te maak.

Mag ons kinders se geloof en wysheid erken en by hulle leer.

En Here, help ons om elke kind te omarm met Jesus se liefde.

Amen

# Weduwees op Wiele
# Nooi jou uit 20 Junie 2026 na……

Praatjies • Ondersteuning • Hoop • Herstel • Werklikheidswaarhede van verlies

Daar is lewe ná verlies…

Miskien nie dieselfde lewe nie — maar steeds ’n mooi, sinvolle en hoopvolle lewe.

Verlies kom nie net deur die dood nie…

Verlies kom in baie vorme:

Die verlies van ’n huwelik, identiteit, veiligheid, gesondheid, verhoudings, vertroue, drome, emosionele verbinding en selfs die verlies van jouself ná trauma en seer.

By Weduwees op Wiele skep ons ’n veilige ruimte waar mense weer kan asemhaal, verstaan wat met hulle gebeur en hoop vir die toekoms kan vind.

Ons bied inspirerende praatjies en werkswinkels aan vir vroue, mans, paartjies, kerke, ondersteuningsgroepe, konferensies en gemeenskappe waar ons eerlik praat oor die volgende temas:

- Verlies en rou
- Narsisisme en emosionele mishandeling
- Hoe trauma die brein beïnvloed
- Verhoudings en emosionele veiligheid
- Kommunikasie en konflikhantering
- Hoe om ’n sinvolle, doelgerigte huwelik te bou
- ’n Doelgerigte lewe ná verlies
- Emosionele genesing
- Selfwaarde en grense
- Veerkragtigheid en nuwe hoop
- Huwelike en emosionele verbinding
- Intimiteit en emosionele nabyheid
- As môre onverwags kom…
- Hoe om weer normaal te leef…

…al lyk daardie normaal nou anders



## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Ana | De Kock | 06/12 |
| Bianca | De Kock | 06/12 |
| Riana | Ehlers | 06/12 |
| Wilhelm | Groenewald | 06/12 |
| Susan | Hoffman | 06/12 |
| Christel | Mouton | 06/12 |
| Danie | Nagel | 06/12 |
| Mari | Rademan | 06/12 |
| Liela | Oosthuyse | 06/13 |
| Myrna | Van Niekerk | 06/13 |
| Lambert | Badenhorst | 06/14 |
| Christoff | De Winnaar | 06/14 |
| Jordaan | Neethling | 06/14 |
| Wouter | Schagen | 06/14 |
| Rozanne | Von Willigh | 06/14 |
| Antoinette | Bosman | 06/15 |
| Manda | Fick | 06/15 |
| Ockie | Fourie | 06/15 |
| Willie | Pretorius | 06/15 |
| Ronel | Conradie | 06/16 |
| Daniël | De Kock | 06/16 |
| Juandrè | Delport | 06/16 |
| Gerrie | Hauman | 06/16 |
| Nina | Stofberg | 06/16 |
| Nicola | Coetzee | 06/17 |
| Rhuan | Jordaan | 06/17 |
| Gideon | Krause | 06/17 |
| Jana-Mari | Steenkamp | 06/17 |
| Mariné | Theunissen | 06/17 |
| Alwyn | Van Zyl | 06/17 |
| Kari | Cilliers | 06/18 |
| Wessel | De Kock | 06/18 |
| Henriek | De Wet | 06/18 |
| Lean | De Wet | 06/18 |
| Mornè | Groenewald | 06/18 |
| Rona | Hugo | 06/18 |
| Vicky | Hugo | 06/18 |
| Francois | Nagel | 06/18 |
| Cornelie | Willemse | 06/18 |
| Amanda | Wolfaardt | 06/18 |
| Jani | Crous | 06/19 |
| Emile | Dowling | 06/19 |
| Nelita | Langenhoven | 06/19 |
| Junianna | Louw | 06/19 |
| Beatie | Smith | 06/19 |
| Janiel | Smith | 06/19 |
| Hanneke | Beukes | 06/20 |
| Marlize | De Kock | 06/20 |
| Kira | Essig | 06/20 |
| Anneen | Groenewald | 06/20 |
| Maans | Kotzé | 06/20 |
| Riaan | Van Lille | 06/20 |
| Johan | Viljoen | 06/20 |
| Eben | Beukes | 06/21 |
| Lambert | De Wet | 06/21 |
| Reghard | Heyns | 06/21 |
| Louis | Kriel | 06/21 |
| Kitie | Louw | 06/21 |
| Ray | Rademan | 06/21 |

## **Leiers maak koffie saam-** Roeping in Caledon

Donderdag oggend het ‘n paar van ons dorp se leraars saam koffie gemaak voor die Anglikaanse Kerk en dit uitgedeel aan mense wat oppad is. Oppad is werk toe, oppad is om werk te soek, oppad is om sy komberse te skuif na ‘n nag van buite slaap.
Deur die koffie wil ons saam sê as leiers in die gemeenskap dat ons mekaar raaksien, ons nooi geliefdes na God uit en ons glo dat die krag van die Gees in elkeen werk.
Bid saam vir die leiers van die dorp.

